To the business community: we need you to invest, to employ, to innovate and to partner with us in building a competitive city.

To our civic organisations: we need your vigilance, your ideas and your participation.

To our religious leaders: we need your continued work in strengthening families, communities and social cohesion.

To our community leaders and residents: we need you to help us protect public infrastructure, keep our neighbourhoods clean and participate actively in the development of your communities.

And to the Councillors of Nelson Mandela Bay: our responsibility is profound. We are the elected representatives of the people. Our political differences may be real, and robust debate is part of democracy, however, there must be issues on which the interests of Nelson Mandela Bay rise above party politics.

16. CONCLUSION

Ladies and gentlemen,

Nelson Mandela Bay carries a name that imposes a particular responsibility upon us.

Nelson Rolihlahla Mandela taught the world about courage, reconciliation, resilience and the power of ordinary people to change the course of history.

- Our city cannot simply carry his name.
- We must carry his example.
- We must have the courage to confront our challenges.
- The humility to acknowledge where we have fallen short.
- The discipline to fix what is broken.
- The imagination to pursue new opportunities.
- And the determination to ensure that progress reaches every community.

The achievements of the past two financial years show that progress is possible.

The challenges before us remind us that there is still much work to do.

And the current MTREF provides us with a platform from which to accelerate that work.

So tonight, as we celebrate Nelson Mandela Bay, let us also recommit ourselves to it.

- Let us build partnerships instead of silos.
- Let us build infrastructure instead of excuses.
- Let us build businesses instead of barriers.
- Let us build skills instead of dependency.
- Let us build communities instead of divisions.
- And let us build a city in which every resident can say:
 - o This is my city.
 - o This is my future.
 - o And I have a stake in making it better.

The State of Nelson Mandela Bay is therefore one of progress under pressure, opportunities amidst challenges, and a city that refuses to stand still.

Our work continues.

Our responsibility continues.

And our confidence in the future of Nelson Mandela Bay must continue.

Together, we can fix the metro and ensure inclusive economic growth.

I thank you.

CLLR BABALWA LOBISHE
EXECUTIVE MAYOR







METRO-REDE GELEWER DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Programmdirekteur,
Die Speaker van die Raad,
Lede van die Burgemeesterskomitee,
Agbare Raadslede,
Lede van die Parlement en Lede van die Provinsiale
Wetgewer,
Verteenwoordigers van die Nasionale en Provinsiale
Regering,
Sakeleiers en georganiseerde arbeid,
Leiers van burger-, godsdiens- en
gemeenskapsorganisasies,
Tradisionele en gemeenskapsleiers,
Ons ontwikkelingsvennote en belanghebbers,
Hooggeplaastes,
Dames en here,

Goeienaand.

Dit is beide 'n eer en voorreg om die 2026 Metro-rede van die Nelson Mandelabaai Munisipaliteit die lewer, onder die tema: "Beslissende optrede om die Metro te herstel en inklusiewe ekonomiese groei te verseker".

Hierdie rede fokus onder andere op die vordering wat ons gemaak het, en die pad wat ons saam gestap het gedurende die termyn van die huidige koalisie-administrasie.

Vanaand is nie net 'n geleentheid om prestasies te vier nie. Dit is 'n geleentheid om terug te kyk na waar ons vandaan kom, om die uitdagings wat ons geërf het te erken, om ons vordering in oënskou te neem, om dit wat onopgelos bly aan te spreek, en belangrikste van alles, om 'n duidelike toekomsplan uit te stippel.

Hierdie koalisie-administrasie het met die aanvangs van sy termyn 'n stad ontvang wat deur aansienlike uitdagings in die gesig gestaar is, insluitend jare van erge droogte, verouderende infrastruktuur, finansiële druk, ekonomiese onsekerheid, kommer oor regering en 'n groeiende vraag na dienste, wat ongelooflike druk geplaas het op die Munisipaliteit asook die gemeenskappe wat ons dien. Tog het ons in die aangesig van hierdie uitdagings onself daartoe verbind om stabiliteit te herstel, openbare vertroue te herwin, regering te versterk en die grondslag te lê vir 'n bekwame ontwikkelingsstaat wat vir al ons mense werk.

Nelson Mandelabaai is 'n stad met enorme potensiaal. Dit is strategies geleë aan die Indiese kuslyn en die enigste metropolitaanse munisipaliteit in Suid-Afrika met twee hawens (Ngqura- en Port Elizabeth-hawe) gesteun deur 'n sterk industriële en vervaardigingsbasis, geseënd met pragtige natuurlike bates, 'n ryk sport- en kulturele erfenis, en bowenal, aanpasbare en vernuftige inwoners.

Nelson Mandelabaai bly een van die belangrikste stedelike sentrums in die Oos-Kaap. Ons bevolking word tans geraam op 1.3 miljoen mense, en maak 18% van die totale bevolking van die Oos-Kaap uit. Die Metro se bevolking sal na raming 1.4 miljoen oorskry teen 2030. Hierdie groei noodsaak die behoefte vir proaktiewe infrastruktuurbeplanning, volhoubare hulpbronbestuur en langtermyn ekonomiese ontwikkeling.

Ons gesamentlike fokus die afgelope drie jaar was om die Metro se potensiaal in meetbare vordering te omskep, die lewensgehalte van ons inwoners te verbeter, beleggersvertroue te herstel en Nelson Mandelabaai te posisioneer as 'n stad wat veerkragtig, inklusief, mededingend en gereed vir die toekoms is.

Terwyl ons erken dat daar steeds baie werk is wat voorlê, kan ons vanaand met vertroue terugkyk op die vordering wat ons saam gemaak het en die stewige grondslag wat gelê is vir die voortgesette hernuwing en groei van ons Metro.

Die ontwikkeling en groei van Nelson Mandelabaai is verweef met die groei van nasionale en globale ekonomieë. Ons plaaslike prioriteite moet dus gekoppel wees aan nasionale en globale prioriteite. Die prestasies wat in hierdie Metro-rede uitgelig word onderstreep die aansienlike vordering wat gemaak is in die verwesenliking van die 3 kernprioriteite van die 7de Administrasie (d.w.s. Inklusiewe Groei en Werkskepping; Verligting van Armoede en Hoë Lewenskoste; en die Bou van 'n Bekwame, Etiese en Ontwikkelende Staat).

As deelnemer van die Verenigde Nasies se 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling, streef Nelson Mandelabaai daarna om die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte ('SDG') te omskep in plaaslike optrede deur ons beplanning, begroting en diensleweringstelsels in lyn met die 2030 Agenda te bring. Die Munisipaliteit dra deur hierdie werk direk by tot die globale 2030 Agenda van die Verenigde Nasies, die 2063 Agenda van die Kontinentale Afrika-unie, en Suid-Afrika se 2030 Nasionale Ontwikkelingsplan.

1. 'N STAD WAT AANSIENLIKE UITDAGINGS IN DIE GESIG GESTAAR EN TE BOWE GEKOM HET

Die oorsigtydperk was nie maklik nie.

Ons moes worstel met 'n toenemende vraag na dienste, vandalisering van munisipale bates, finansiële druk, institusionele kapasiteitsuitdagings, ekonomiese onsekerheid en die vernietigende impak van erge weerstoestande.



Die Munisipaliteit is in die 2025/26 finansiële jaar alleen deur twee ernstige vloede getref (in Mei en Junie 2026) wat heelwat infrastrukturele skade (na raming R1.5 miljard) aangerig het. Ons Gesamentlike Noodsentrum is in werking gestel om op die impak van die vloedrampe te reageer. Ongeveer 10 000 mense in hoërisiko informele nedersettings is geraak. Altesaam 4 282 mense is onthoem en 2 857 huishoudings is na skuilings ontruim.

Ons moes ook die gevolge van 'n voortslepende droogte en die moontlikheid van 'n "Dag Zero"-scenario bestuur.

Tog, ten spyte van hierdie druk, het Nelson Mandelabaai steeds vorentoe beweeg.

Ons reaksie was om te belê, te herstel, te moderniseer, te hervorm en vennootskappe te bou.

Die resultate kan reg oor die Metro gesien word.

- Dit kan gesien word in gemeenskappe wat water en elektrisiteitsverbinding ontvang.
- Dit kan gesien word in gruispaaie wat geteer word.
- Dit kan gesien word in infrastruktuur wat na vloede herbou word deur die "herbou beter"-benadering.
- Dit kan gesien word in nuwe en gerehabiliteerde openbare ruimtes.
- Dit kan gesien word in nuwe beleggings in ons ekonomie.
- En dit kan gesien word in die duisende mense wat toegang het tot werksgeleenthede, vaardigheidsprogramme en ekonomiese geleenthede.

Alhoewel die verhaal van Nelson Mandelabaai nie sonder uitdagings is nie, is dit 'n verhaal van 'n stad wat sy uitdagings konfronteer terwyl dit voortgaan om te bou.

Dames en here,

Ek sal nou fokus op sleutelprestasies en uitdagings reg oor die verskillende Sleutelprestasiegebiede van die Nelson Mandelabaai Munisipaliteit.

2. WATER EN SANITASIE

Alhoewel die Metro voortgaan om aansienlike uitdagings op die gebied van watervoorsiening en sanitasie te ervaar, is heelwat vordering in hierdie opsig gemaak.

Ongeveer 98% van huishoudings het toegang tot water, terwyl 95.7% toegang tot verbeterde sanitasiegeriewe het. Altesaam 2 089 huishoudings het gedurende die oorsigtydperk water- en sanitasieverbindings ontvang, terwyl 285 staanpype reg oor informele nedersettings geïnstalleer is. Ons het ook 23 570 watermeters vervang, 1 186 lekkasies by behoeftige huishoudings herstel, en emmergebruik met 1 100 verminder, alhoewel ongeveer 4 692 emmers steeds in sirkulasie is.

Die toenemende groei in informele nedersettings hou 'n ernstige uitdaging in om water en sanitasie aan alle inwoners te verskaf. Die Munisipaliteit gaan voort om nuwe informele nedersettings te identifiseer en die verskaffing van water en sanitasie na daardie

nedersettings uit te brei om sodoende te verseker dat alle inwoners van Nelson Mandelabaai toegang tot drinkbare water en waardige sanitasie het.

Die belangrikste ingryping was ons belegging om die toekoms van die Metro se watervoorraad te verseker.

Die Metro het tot op hede ongeveer R1.3 miljard in droogteverligtingsprojekte suksesvol geïmplementeer om die bedreiging van "Dag Zero" af te weer. Dit sluit die Impofudam-vragskuite, die Grassridge Tydelike Waterbehandelingswerke, Fase 3 van die Nootgedacht Waterbehandelingswerke, stupompstasies by Motherwell en Stanfordweg, die Kwanobuhle-toevoerpompstasie, die Bloemendal-Kwanobuhle-pyplyn, en 'n aantal bronwaterontwikkelings in.

Ons het Fase 4 van die Coegakop-bronwaterveld voltooi, terwyl werk voortgaan op die Oos-na-Wes-grootmaat-wateroordragpyplyn. Dertig boorgate, wat ongeveer 20 tot 30 megaliter water per dag lewer, is in diens gestel om die watervoorraad aan te vul.

Ons het ook belê in telemetrie en SCADA-tegnologie om ons waterinfrastruktuurstelsels doeltreffend te monitor. Daarbenewens het ons 14 waterbehandelingswerke en 8 afvalwater-behandelingswerke opgeknop, en 10 reservoirs gerehabiliteer. Verder is 8 Waterbestuursones geskep, en 2 afstandmeting-meterstasies op die been gebring om nie-inkomste water te meet.

Hierdie is nie slegs die opgradering van infrastruktuur nie, maar 'n belegging in die toekomstige welvaart en sosio-ekonomiese ontwikkeling van Nelson Mandelabaai.

3. ELEKTRISITEIT EN ENERGIE

Ons werk in elektrisiteit en energie is geskoei op dieselfde beginsel: verseker die basiese fondasie terwyl ons voorberei vir die toekoms.

Ongeveer 94% van huishoudings het toegang tot elektrisiteit, en 472 huishoudings is gedurende die oorsigtydperk aan die netwerk verbind. Ons het 297 nuwe openbare ligte geïnstalleer, 3 708 bestaande openbare ligte retro-monteer en 26 kragtransformators opgeknop. Die Munisipaliteit gaan verder voort met die elektrifiseringsprogram in informele nedersettings om basiese elektrisiteit aan huishoudings in ongeproklameerde informele nedersettings te verskaf.

Ons het ook die instandhouding en opknapping van sleutel-hoogspanning-transmissielyne onderneem om die betroubaarheid en veerkragtigheid van die netwerk te verbeter.

Ons het terselfdertyd verder as die tradisionele elektrisiteitsmodel gekyk.

Twee groot hernubare-energieprojekte word tans ontwikkel: die 15MW Greenbushes-sonplaas en die 25MW Parsons Power Park-sonplaas.

Ons is ook in onderhandelings gewikkel met groot voornemende kraggebruikers, insluitend die voorgestelde Hive Hydrogen 1 250MW perseel in Coega



en die Vexsa 556MW datasentrumperseel.

Hierdie geleentheid is belangrik aangesien dit bewys dat Nelson Mandelabaai 'n aktiewe deelnemer in die nuwe-energie-ekonomie kan wees.

Ons moet hierdie Metro nie slegs as 'n verbruiker van elektrisiteit posisioneer nie, maar as 'n vervaardiger, fasiliteerder en strategiese vennoot in die energie-oorgangsfase.

4. PAAIE EN STORMWATER

Ons inwoners verdien paaie wat veilig, funksioneel en toeganklik is. Ons het gedurende die twee finansiële jare altesaam 17 kilometer se gruispaaie geteer en 6.8 kilometer se sypaadjies in verskeie wyke gebou.

Ons het 23 565 slaggate herstel, en 27.9 kilometer se stormwaterkanale en ongeveer 35 000 stormwater-rioolvangputte skoongemaak. Daarbenewens is altesaam 1 021 kilometer se padtekens voltooi.

Ons het ook belangrike rampverwante infrastruktuurprojekte voltooi.

Die Matanzima-brug in KwaNobuhle is gerehabiliteer, tesame met verwante rivierloop-opgraderings. Die Cuyler-brug is gerehabiliteer, terwyl die Cat- en De Mist-kanaal herstel is as deel van ons verbintenis om “beter te herbou” na rampe. Daarbenewens het die Munisipaliteit 'n nuwe voetbrug in Jabavu, Kwanobuhle gebou sodat studente en inwoners die Brakrivier kan oorsteek.

Ons het ook, in vennootskap met SANRAL, die Metro se eerste son/wind-verkeersein-loodsprojek by die R74/Mati/N2-verkeerswisselaar, met ultra-moderne CCTV en verwante infrastruktuur, opgerig.

Die Munisipaliteit gaan voort met die implementering van Fase 1A van die IPTS-beginnerdiens in die Clearypark-gebied. Die Kariëga-roetes sal na verwagting in November 2026 in bedryf wees, onderworpe aan goedkeuring deur die Nasionale Departement van Vervoer.

5. GEMEENSKAPSDIENSTE

'n Stad word nie slegs gemeet aan sy groot infrastruktuurprojekte nie, maar ook aan die toestand van die woonbuurte.

Altesaam 98.7% van erkende informele nedersettings het teen die einde van Junie 2026 basiese rommelverwyderingsdienste ontvang. Ons het 16 nuwe rommelverdigtingsvragmotors teen 'n koste van ongeveer R60 miljoen aangeskaf om ons rommelverwyderingskapasiteit en betroubaarheid te verbeter.

Die Munisipaliteit bedryf tans 2 stortingsterreine (Arlington en Koedoeskloof) en 19 afvalterreine, alhoewel die meerderheid opgegradeer moet word. Die Munisipaliteit het gedurende die oorsigtydperk die Arlington-afvalverwyderingsfasiliteit en die Verwoerd-afvalterrein in Kariëga opgeknap. Daarbenewens is

33 openbare oop ruimtes opgegradeer, insluitend 'n aansienlike opgradering van St George-park sowel as die opgradering van 13 begraaiflase.

In 'n poging om onwettige storting aan te spreek en verfraaiing te verbeter, het die Munisipaliteit die Opruiming-en-vergroeningsprogram in Augustus 2025 van stapel gestuur. Altesaam 40 onwettige stortingspersele is gedurende Fase 1 van die program opgeruim, met 'n verdere 11 persele gedurende Fase 2. Een van die persele in Wyk 29 is sedertdien in 'n park (Kingston Park) omskep en verfraai.

Dit is die tipe transformasie wat ons graag wil sien.

- 'n Stortingsterrein wat in 'n park omskep word.
- 'n Verwaarloosde ruimte wat 'n bate word.
- 'n Probleem wat in 'n geleentheid omskep word.

Die regering kan nie die vraagstuk van onwettige storting op sy eie aanspreek nie. Inwoners, besighede, burgerorganisasies en gemeenskappe moet ons vennote word om die plekke waar ons woon te help beskerm.

Nelson Mandelabaai het 'n trotse sport- en kulturele identiteit. Die Munisipaliteit het in hierdie opsig gasheer gespeel vir 'n aantal groot nasionale en internasionale sportgebeurtenisse, waaronder die ISUZU IRONMAN Afrika-kampioenskap, SANZAAR o.20 Rugby-kampioenskap, Home of Legends Football-beker en Suid-Afrika se krieketwedstryde teen Indië en Sri Lanka. Nelson Mandelabaai sal verder in November en Desember vanjaar die Lewensredding-wêreldkampioenskappe aanbied.

Die Munisipaliteit gaan voort om in sportinfrastruktuur te belê. Die Zwide- en Jabavu-stadion sowel as die Gelvandle-swembad is gedurende die oorsigtydperk opgegradeer.

Ons strande is 'n toonbeeld dat omgewingsgehalte en toerisme sy aan sy kan floreer.

Vyf munisipale strande maak steeds deel uit van die internasionaal erkende Blouvlagprogram. Koningstrand, Humewoodstrand en Hobiëstrand het hul volle Blouvlagstatus behou, terwyl Wells Estate-strand en Blouwaterbaai steeds hul Loods-Blouvlagstatus gedurende die oorsigtydperk geniet.

Die Munisipaliteit het 'n grondwetlike mandaat om 'n veilige en gesonde omgewing vir al sy inwoners te skep. Die NMBM het 'n volle operasionele Metropolisie met spesifieke pligte en funksies rakende misdaadvoorkoming in die stad.

'n Aantal inisiatiewe is geïmplementeer om misdaad aan te spreek en stedelike veiligheid te verbeter.

Die stad het, deur die ondertekening van 'n samewerkingsooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), sy voorneme duidelik gemaak om stedelike veiligheid te fasiliteer en te bevorder.

Verlate geboue dien as skuilplek vir misdadigers, wat tot misdaad in die stad bydra. Ons sal voortgaan om



geleenthede te ondersoek vir die herontwikkeling en hergebruik van onderbenutte en verwaarloosde geboue as deel van groter pogings om stedelike vernuwing te steun, veiligheid te verbeter en behuisingsgeleenthede uit te brei.

Daarbenewens werk die stad saam met ander entiteite, soos die Oos-Kaapse Drankraad, die Departement van Binnelandse Sake, die Sakekamer en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, om misdaad te beveg deur gereelde gesamentlike operasies.

Die herlewing van die CCTV-netwerk binne Nelson Mandelabaai, sowel as die tegnologiese misdaadbestedingsinisiatiewe soos die ontplooiing van die Mobiele Waarnemingsvoertuig, en die bekendstelling van 'n toegewyde Veiligheid & Sekuriteit WhatsApp-lyn, onderstreep die stad se verbintenis om wetteloosheid te verminder en 'n veiliger stad vir almal te skep.

6. MENSLIKE NEDERSETTINGS

Die vraag na behuising bly enorm.

Ons syfers toon dat 94% van huishoudings in formele wonings bly. Gedurende die termyn, is ongeveer 626 staatgesubsidieerde behuisingeenhede gebou, 1 606 persele is van dienste voorsien en 1 615 titelaktes is geregistreer.

Ons weet egter dat die uitdaging wat behuising betref nie deur huise alleen opgelos kan word nie.

- Dit vereis grond.
- Dit vereis grootmaat-infrastruktuur.
- Dit vereis gedienste persele.
- Dit vereis geïntegreerde nedersettings.
- En dit vereis dat die werklikhede van agterplaasbewoners en informele nedersettings aangespreek word.

Die bekendstelling van 'n program wat fokus op die registrasie van agterplaasbewoners is 'n belangrike ingryping terwyl ons poog om hierdie groeiende uitdaging beter te begryp en te bestuur, en grondbesetting aan te spreek.

Ons benadering moet toenemend fokus op die bou van gemeenskappe, nie slegs huise nie.

7. PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING

Dames en here,

Ons ekonomiese verhaal bevat beide bemoedigende tekens en moeilike realiteite.

Nelson Mandelabaai is steeds die ekonomiese kern van die Oos-Kaap. Ons Metro genereer ongeveer een-derde van die provinsie se ekonomiese produksie en dra jaarliks 'n geskatte R194 miljard tot die streekseksie by. Ons het, as een van Suid-Afrika se voorste industriële sentrums, 'n verantwoordelikheid om 'n gunstige omgewing vir belegging en groei te skep.

Ons het 'n Ekonomiese Ontwikkeling- en Groei-strategie aangeneem en Toerisme-meesterplan

goedgekeur. Ongeveer R1.45 miljard se beleggings is gedurende die oorsigtydperk gefasiliteer, insluitend ontwikkelings deur Shoprite, CHC Cold Storage, Shatterprufe en Capital Hotels. Altesaam 1 240 nuwe permanente werksgeleenthede is geskep deur verskeie beleggingfasiliteringsinisiatiewe gedurende die oorsigtydperk. Die Munisipaliteit het verder 16 492 werksgeleenthede deur die Uitgebreide Openbare-werke-program ('EPWP') en Openbare Indiensnemingsprogramme ('PEP') geskep.

Nelson Mandelabaai is uniek geposisioneer om 'n voorloper te wees in die ekonomiese groei van die Oos-Kaap. Terwyl 62.5% van die Oos-Kaapse bevolking van werkende ouderdom is, is ons Metro se werkende ouderdom selfs hoër op ongeveer 65%. Dit laat ons met een van die grootste arbeidspoele in die provinsie. Ons taak is nou om hierdie potensiaal te ontgin deur werk te skep, vaardighede te ontwikkel en die beleggings te lok wat benodig word om hierdie demografiese dividend te omskep in inklusiewe ekonomiese groei en gedeelde welvaart.

Ons strategiese posisie word verder versterk deur voortgesette belegging in die Chief Dawid Stuurman Internasionale Lughawe. Ons gaan deur ons vennootskap met die Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika en die Airlift-komitee voort om lugverbinding, passasiervolumes en beleggingsgeleenthede uit te brei. Die bekendstelling van 'n nuwe roete tussen Gqeberha en Kruger Mpumalanga vanaf November 2026, tesame met voortgesette vordering rakende die Lughawestad en Aerotropolis-program, sal Nelson Mandelabaai se posisie as poort tot toerisme, handel, logistiek en belegging verder versterk.

Nelson Mandelabaai het oor die afgelope twee jaar gewys dat dit sy plek op die globale verhoog kan inneem.

Ons het die eerste G20 Indiensnemingswerkgroep-vergadering in Februarie 2025 aangebied, wat globale leiers, arbeidskundiges en verteenwoordigers van organisasies soos die Internasionale Arbeidsorganisasie, die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling en die Wêreldbank byeen gebring het.

Die Metro en die Boardwalk-konvensiesentrum het in Oktober 2025 gasheer gespeel vir die G20 Handel-en-beleggingswerkgroep en Ministeriële vergaderings.

Die Stad sal tussen 29 September en 2 Oktober 2026 die 2026 Skål Internasionale Wêreldkongres aanbied, wat 'n professionele globale netwerk is wat leiers in die reis-, toerisme- en gasvryheidsbedryf verbind. Hierdie is nie slegs geleenthede wat aangebied word nie.

- Dit skep sakegeleenthede.
- Dit vul hotelle.
- Dit ondersteun restaurante.
- Dit bemark ons strande.
- Dit bemark ons stad oorsee.
- En dit skep 'n platform van waar toekomstige beleggings gelok kan word.

Ons moet ons posisie as 'n globale stad gebruik om die lewens van plaaslike burgers te verbeter.



Ons het sedert 2024 altesaam 15 sakegeleenthede met meer as 6 000 afgevaardigdes ondersteun, wat 'n ekonomiese inspuiting van ongeveer R204.5 miljoen beloop het.

Die Metro het verder sy verbintenis tot die ontwikkeling van plaaslike entrepreneurskap bewys deur steun aan mikro-, klein- en medium ondernemings ('MSMEs'). Ons ondersteun jaarliks ongeveer 3 500 'MSMEs' en ander entrepreneurs. Die Munisipaliteit verskaf ook hulp aan plaaslike opkomende boere in 'n poging om voedselsekerheid te bewerkstellig. Altesaam 650 boere het gedurende die oorsigtydperk steun ontvang in die vorm van opleiding en toerusting.

Ons Varsproduktemark het ook gedurende die 2025/26 finansiële jaar R243 miljoen se verkope gegenereer.

Ons sal voortgaan om steun aan township-ondernemings, opkomende entrepreneurs en jeugontwikkelingsinisiatiewe uit te brei. Ons moet ook die geleenthede wat deur die oseaan-ekonomie gebied word aggressief nastreef. As die enigste metropolitaanse munisipaliteit in Suid-Afrika wat deur twee kommersiële hawens bedien word, is Nelson Mandelabaai uniek geposisioneer om 'n toonaangewende maritieme, logistieke en Blou Ekonomie-sakekern te word, wat nuwe geleenthede vir belegging, industrialisering, vaardigheidsontwikkeling en indiensneming sal skep.

Ons werk ook nou met bedryfsvennote saam om Nelson Mandelabaai as 'n toonaangewende Vlak-2 Globale Sakedienste-bestemming te vestig. Ons sal deur samewerking met sake- en provinsiale belanghebbende voortgaan om beleggingsaantreklikheid, vaardigheidsontwikkeling en ekostelselgereedheid te ondersteun om werkseleenthede vir jongmense te ontsluit in die snelgroeiende sakedienste- en digitale ekonomiese sektor.

Die toekomstige ekonomie sal toenemend deur tegnologie, innovering en digitale vaardighede aangedryf word. Ons is daarom van voorneme om vennootskappe te versterk wat digitale vaardigheidsontwikkeling, tegnologie-entrepreneurskap en Slimstad-innovering uitbrei sodat jongmense 'n betekenisvolle rol kan speel in die digitale ekonomie en plaaslike besighede oplossings kan ontwikkel wat munisipale en gemeenskapsuitdagings aanspreek.

Toerisme is van besondere belang.

Ons Metro, wat deur 40 passasierskepe besoek is, het ongeveer 79 421 passasiers verwelkom en 'n geskatte direkte ekonomiese inspuiting van R129.6 miljoen ontvang.

Nelson Mandelabaai het gedurende 2024 en 2025 ongeveer 476 697 oorsese toeriste, wat 73% van oorsese toeriste in die Oos-Kaap uitmaak, sowel as ongeveer 2.7 miljoen plaaslike toeriste verwelkom.

Toerisme het ongeveer R12.8 miljard tot die plaaslike ekonomie bygedra gedurende die oorsigtydperk.

Ons erken dat toerisme een van die mees inklusiewe

sektore van ons ekonomie bly, wat geleenthede vir vroue, die jeug, township-ondernemings en klein besighede skep. Ten einde hierdie groei vol te hou, sal ons voortgaan om saam met ons toerismevennote te werk om die bestemmingsbemarking uit te brei, die Konvensieburo te versterk, lugverbinding deur die Lughawestad en Aerotropolis-program te verbeter en Nelson Mandelabaai as 'n prima bestemming vir toerisme, sakegeleenthede en sporttoerisme te posisioneer.

Ons erken ook die groeiende rol van die kreatiewe bedryf, insluitend filmproduksie, as bydraers tot toerisme, vaardigheidsontwikkeling en entrepreneurskap. Ons sal voortgaan om geleenthede te verken om die plaaslike film-ekostelsel te versterk en Nelson Mandelabaai as 'n filmvriendelike bestemming te bemark.

Ons het vordering gemaak met die skep van 'n gunstige sake-omgewing. Residensiële bouplanaansoeke vir ontwikkelings kleiner as 500 vierkante meter is, teen 30 Junie 2026, teen 'n gemiddeld van 11 dae teenoor die teiken van 30 dae verwerk.

Terwyl ons hierdie prestasies vier, moet ons nie oorgerus word nie.

8. DIE UITDAGING VAN WERKSGELEENTHEDE EN INDUSTRIËLE MEDEDINGENDHEID

Ons moet eerlik wees oor werkloosheid.

Ons werkloosheidskoers bly hoog op 33.1%, met spesifiek jongmense wat daardeur geraak word. Ons staan terselfdertyd beperkte toegang tot die befondsing van mikro-, klein en medium ondernemings, traë ekonomiese groei, beleggersonsekerheid en 'n afname in vervaardigingsmededingendheid in die gesig. Dit het daartoe gelei dat baie van ons jong en geskoolde inwoners elders ekonomiese geleenthede moes soek. Ten einde hierdie neiging om te keer, moet ons 'n ekonomie skep wat talent kan lok en behou deur betekenisvolle indiensnemings- en beleggingsgeleenthede.

Ons het ook die vertrek van groot vervaardigers in Nelson Mandelabaai, insluitend die sluiting van die Goodyear-vervaardigingsaanleg in Kariega, ervaar.

Nelson Mandelabaai bly een van die Oos-Kaap se groot vervaardiging- en industriële sentrums. Vervaardiging is steeds die ruggraat van ons plaaslike ekonomie, dra jaarliks ongeveer R44 miljard by en behels meer as 'n kwart van alle ekonomiese aktiwiteit in die Metro. Van kritieke belang, is die feit dat Nelson Mandelabaai meer as 62% van die vervaardigingsproduksie van die Oos-Kaap genereer, wat ons posisie as Suid-Afrika se motor- en industriële kern onderstreep. Die toekomstige welvaart van ons stad hang grootliks af van die behoud en uitbreiding van hierdie industriële basis, terwyl ons onself moet posisioneer om nuwe beleggings in hernubare energie, logistiek, gevorderde vervaardiging en die digitale ekonomie te lok.

Die ekonomiese afswaai is vererger deur globale krisis, veral die onstabiliteit in die Midde-Ooste en die



voortslepende konflik tussen Rusland en Oekraïne, wat beide aansienlike nagevolge vir die globale ekonomie gehad het. Die verhoogde tariewe op Suid-Afrikaanse uitvoere deur die Verenigde State het 'n verdere negatiewe impak op ekonomiese groei en handel gehad, en het beide die nasionale en plaaslike ekonomie geraak.

Hierdie ontwikkelings is 'n bewys dat Nelson Mandelabaai nie geïsoleerd van nasionale en globale ekonomiese neigings staan nie, en dat ontwikkelings in die globale ekonomie ongetwyfeld 'n impak op die plaaslike ekonomie sal hê.

Ons moet kragte saamsnoer met die sakesektor, georganiseerde arbeid, provinsiale en nasionale regering, die Coega Spesiale Ekonomiese Sone en ander strategiese vennote om bestaande beleggings te beskerm en nuwe beleggings aktief na te streef.

Die Metro moet verseker dat dit gereed is wat beleggings, infrastruktuur en vaardighede betref en verseker dat plaaslike mense voordeel trek uit die ekonomiese geleenthede wat in hul eie stad geskep word, veral vroue, die jeug en persone met gestremdhede.

Kontrakte ter waarde van R363 miljoen is gedurende slegs die 2025/26 finansiële jaar aan ondernemings in vrouebesit toegeken deur projekte wat onder die Stedelike Nedersetting-ontwikkelingstoelae ('USDG') en die Informele Nedersetting-opgraderings-vennootskaptoelae ('ISUPG') befonds is.

9. INSTITUSIONELE TRANSFORMASIE EN ORGANISATORIESE ONTWIKKELING

Geen stad kan sonder 'n bekwame munisipaliteit floreer nie. 'n Bekwame munisipaliteit vereis bekwame mense, duidelike aanspreeklikheid en professionele administrasie.

Ons Munisipaliteit ondervind 'n hoë vakaturekoers, hoofsaaklik vanweë natuurlike erodering. Die hoë vlak van waarnemende aanstellings op senior bestuursvlak plaas druk op die instelling, terwyl regulatoriese vereistes die voltooiing van die organisatoriese oorsig- en aanstellingsproses gekompliseer het. Ons voortgaan om met Nasionale Tesourie en 'CoGTA' te beraadslaag om hierdie uitdagings op te los, terwyl ons werwingsprosesse ten volle geoutomatiseer word.

Altesaam 825 poste in kritieke funksies is die afgelope twee finansiële jare gevul. Ons het 136 gegradueerdes en 19 ervaringsleerders gedurende die 2025/26 finansiële jaar geplaas, terwyl 237 mense voordeel getrek het uit vakleerlingskappe, leerlingskappe, Erkenning van Vorige Studie en vaardighedsprogramme. Ongeveer R30.8 miljoen is gedurende die oorsigtyderk op opleidingingrypings gespandeer.

Die veiligheid en gesondheid van ons munisipale werknemers is van kardinale belang. Ons sal voortgaan om beroepsgesondheid- en veiligheidsmaatreëls te versterk, die toestand van werksplekke verbeter en verseker dat ons werknemers toegerus is om dienste

doeltreffend te lewer.

Ons sal ook voortgaan om in munisipale geriewe, toerusting en vlootbates te belê om te verseker dat werknemers hul pligte veilig en doeltreffend kan verrig.

Die Munisipaliteit sal daarbenewens die afhandeling van alle uitstaande arbeidsverwante sake bespoedig.

Die Raad het ook 'n nuwe makro-personeelsamestelling goedgekeur om uitvoering te gee aan Nasionale Tesourie se Handelsdienstehervorming. Drie poste vir Uitvoerende Direkteur (Water en Sanitasie, Elektrisiteit en Energie, en Vaste Afvalbestuursdienste) is geadverteer.

Die instelling het ook staatsbestuur en aanspreeklikheid versterk deur strategieë wat in lyn met Enkelpunt-bestuursaanspreeklikheid is, terwyl werk voortgesit word op die dienskompak-, afvaardigings- en organisatoriese model.

10. FINANSIËLE LEWENSATBAARHEID EN VOLHOUBAARHEID

Die kern van elke suksesvolle munisipaliteit behels 'n grondslag van finansiële lewensvatbaarheid en volhoubaarheid, waarsonder dienslewering, infrastruktuurbelegging en ekonomiese ontwikkeling nie volgehou kan word nie.

Die Munisipaliteit het sedert die COVID-pandemie 'n lae invorderingskoers ervaar wat inkomste betref. 'n Aantal ingrypings is geïmplementeer om die lae inkomste-invorderingskoers aan te spreek, insluitend die vestiging van 'n Inkomstekrygskamer, die Blits-program, skuldverligting, ongunstige lysplasing, opsporing van skuldenaars en verbeterde invorderingsmeganismes.

Die bogemelde maatreëls het tot 'n effense verbetering in die inkomste-invorderingskoers gelei. Ons maandelikse invorderingskoers het van 76.6% in Junie 2026 tot 78.3% in Julie 2026 verbeter.

Ander uitdagings wat finansiële lewensvatbaarheid betref, sluit in agterstallige skuld, water- en elektrisiteitsverliese, ondergefundeerde mandate, swak prestasie wat voorwaardelike toelae betref en die stadige implementering van 'mSCOA'.

Ons moet dus 'n fundamentele verbintenis maak.

In 'n omgewing met beperkte hulpbronne, moet elke Rand wat aan die Munisipaliteit toevertrou word aangewend word om die grootste moontlike impak te verseker.

- Ons moet berekening verbeter.
- Ons moet invorder wat wettiglik geskuld word.
- Ons moet onwettige verbindings en peutery hoksla.
- Ons moet water- en elektrisiteitsverliese verminder.
- Ons moet die besteding van voorwaardelike toelae verbeter.
- En ons moet finansiële bestuur versterk.

Ten einde die implementering van 'mSCOA' te



bespoedig, is 'n bedrag van R105 miljoen in die huidige 'MTREF' begroot vir die verkryging van 'n 'mSCOA'-aanpasbare 'ERP'-stelsel. Hierdie behels nie net tegnologie nie, maar die verbetering van die gehalte, betroubaarheid en deursigtigheid van munisipale finansiële inligting. Dit sal lei tot beter besluitneming en uiteindelik verseker dat die Munisipaliteit maksimum waarde uit elke beskikbare Rand kry.

11. GOEIE REGERING EN OPENBARE DEELNAME

Die bekendstelling van koalisies in plaaslike regering het 'n aantal uitdagings tot gevolg gehad wat politieke stabiliteit en leierskap betref. Terwyl baie munisipaliteite in die land gebukgaan onder gereelde mislukte koalisies, het Nelson Mandelabaai die afgelope drie jaar 'n stabiele koalisie geniet. Daarbenewens het Raadstrukture, insluitend Artikel 79-komitees, met hul werk voortgegaan. Al 60 wykskomitees is verder steeds funksioneel en versterk deelname op voetsoolvlak.

Ons het 'n Skoon Oudit-bestuurskomitee op die been gebring en gaan voort om die Oudit-aksieplan in werking te stel in ons pogings om audit-uitkomst te verbeter. Daarbenewens is 'n Dissiplinêre Raad gestig om finansiële wangedrag as deel van gevolgbestuur te ondersoek.

Openbare deelname speel 'n uiters belangrike rol in munisipale beplanning, begroting en ander prosesse. Ons erken dat deelname nie slegs behels dat die regering met gemeenskappe kommunikeer nie, maar dat die regering ook na hulle moet luister. Openbare deelname is gevolglik uitgebrei deur fisiese wyksvergaderings, die IDP App, interaktiewe radiosessies, sosiale media, WhatsApp, die gedrukte media, die munisipale webtuiste en ander kommunikasieplatforms.

12. DIE UITDAGINGS WAT ONS NIE KAN IGNOREER NIE

Dames en here,

'n Geloofwaardige Metro-rede kan nie slegs 'n lys van prestasies bevat nie. Ons moet ook eerlik wees oor die uitdagings wat onopgelos bly en die werk wat op ons wag om dit reg te stel. Terwyl sommige van hierdie uitdagings reeds uitgelig is, regverdig hul belangrikheid verdere ondersoek.

Ons infrastruktuur is verouderd. Vandalisme rig steeds groot skade aan munisipale bates aan. Daar is steeds 'n aansienlike agterstand wat instandhouding betref. Fondse skiet tekort wat die skaal van infrastruktuurbehoefte betref en die vraag na dienste is steeds aan die toeneem.

Ons staan 'n hoë vakaturekoers in die sig wat sleutel-strategiese poste betref en institusionele transformasie bly steeds 'n uitdaging. Ons ekonomie groei stadig, beleggers is onseker, vervaardigingsmededingendheid is aan die afneem en werkloosheid bly steeds te hoog. Ons finansiële posisie is daarbenewens onder druk en ons staan toenemende agterstallige skuld, inkomstebepelings en toelaagprestasie-uitdagings in die gesig.

Ons gaan verder voort om 'n aantal regeringsuitdagings te konfronteer, waaronder ouditkwalifikasies en staatskulde.

13. VAN UITDAGINGS NA OPTREDE

Die Munisipaliteit is besig om 'n aantal ingrypings te implementeer om die bogemelde uitdagings aan te spreek.

Ten einde infrastruktuur te beskerm, versterk ons samewerking met sekuriteitsagentskappe en ander vennote om vandalisme hok te slaan.

Die Raad het die vestiging van 'n Gesentraliseerde Projekbestuurseenheid goedgekeur om die prestasie van voorwaardelike toelae te verbeter.

Ons versterk die Handelsdienste-hervormingsprogram om ons handelsdienste soos water en sanitasie, elektrisiteit en energie, en vaste-afvalbestuur te verbeter.

Ons beraadslaag voortdurend met Nasionale Tesourie en 'CoGTA' om die menige voorskrifte aan te spreek wat die finalisering van die nuwe personeelsaestelling affekteer.

Op die ekonomiese front sal ons die implementering van die Ekonomiese Ontwikkeling- en Groeistrategie en die Beleggingsaansporingsbeleid, sowel as hervormings om 'n gunste sake-omgewing te skep, versnel. Daarbenewens sal ons ondernemingontwikkelings-, inkubasie-, jeugindiensnemings- en informele ekonomie-programme uitbrei.

Ons sal koördinerende tussen regeringsdepartemente, entiteite in staatsbesit en strategiese vennote versterk deur ons Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning- en Distrikontwikkelingsmodel-prosesse.

Wat finansiële volhoubaarheid betref, sal ons kredietkontrole verskerp, ons inkomstebasis uitbrei, water- en elektrisiteitsverliese deur peutery en onwettige verbindings deur kontrolemeganismes aanspreek, en uitstaande skuld deur regsprosesse hanteer en die gebruik van transversale tenders vir skuldinvordering.

Wat regering betref, sal ons gevolgbestuur versterk en voortgaan met die implementering van die Oudit-aksieplan vir verbeterde audit-uitkomst.

14. DIE HUIDIGE 'MTREF': WAARHEEN IS ONS OP PAD

Die huidige Mediumtermyn-inkomste-en-uitgaweraamwerk bied ons 'n geleentheid om ons verbintenisse in tasbare uitkomst te omskep.

Ons het die volgende toegeken:

- R453 miljoen vir Menslike Nedersettings-ontwikkelingsprojekte, insluitend om persele van dienste te voorsien;
- R1.7 miljard vir die ontwikkeling en opgradering van paaie en stormwater-infrastruktuur;
- R1.4 miljard vir die uitbreiding en opgradering van water- en sanitasie-infrastruktuur;



- R1 miljard vir die opknapping en opgradering van elektrisiteitsinfrastruktuur; en
- R197 miljoen vir die opgradering van vaste-afvalbestuursgeriewe.

Hierdie toekennings verteenwoordig 'n duidelike weerspieëling van ons prioriteite met betrekking tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van ons inwoners.

15. 'N BEROEP OM SAAM TE WERK

En dit bring my tot die rede waarom vanaand se gehoor so belangrik is.

Die regering kan dit alleen vermag nie.

Aan ons kollegas in die Nasionale en Provinsiale Regering: ons benodig jul voortgesette samewerking, koördinerende van programme en belegging in die infrastruktuur wat ons Metro en die wyer Oos-Kaapse ekonomie ondersteun. Ons moedig dus jul voortgesette deelname aan met die implementering van die DDM Een Plan soos goedgekeur deur die Raad.

Aan die sakegemeenskap: ons benodig jul beleggings, indiensneming, innovasie en vennootskap om 'n mededingende stad te bou.

Aan ons burgerorganisasies: ons benodig jul waaksaamheid, jul idees en jul deelname.

Aan ons godsdiensteleiers: ons benodig jul voortgesette werk om families en gemeenskappe te versterk en maatskaplike kohesie te bewerkstellig.

Aan ons gemeenskapsleiers en inwoners: ons benodig julle om ons te help om openbare infrastruktuur te beskerm, ons woonbuurte skoon te hou en aktief deel te neem aan die ontwikkeling van jul gemeenskappe.

Aan die Raadslede van Nelson Mandelabaai: ons het 'n enorme verantwoordelikheid. Ons is die verkose verteenwoordigers van die mense. Ons politieke verskille mag eg wees, en robuuste debat is deel van demokrasie, maar daar moet vraagstukke wees waar die belange van Nelson Mandelabaai van groter waarde as partypolitiek is.

16. TEN SLOTTE

Dames en here,

Nelson Mandelabaai dra 'n naam wat 'n besondere verantwoordelikheid behels.

Nelson Rolihlahla Mandela het die wêreld geleer van moed, versoening, veerkragtigheid en die krag van gewone mense om die loop van die geskiedenis te verander.

- Ons stad kan eenvoudig nie slegs sy naam dra nie.
- Ons moet sy voorbeeld uitleef.
- Ons moet die moed hê om ons uitdagings te konfronteer.
- Die waardigheid om te erken waar ons tekort skiet.
- Die dissipline om dit wat gebreek is te herstel.

- Die verbeelding om nuwe geleenthede na te streef.
- En die deursettingsvermoë om te verseker dat vordering elke gemeenskap bereik.

Die prestasies van die afgelope twee finansiële jare toon dat vordering moontlik is.

Die onopgeloste uitdagings herinner ons dat daar steeds baie te doen is.

En die huidige 'MTREF' gee ons 'n platform van waar ons daardie werk kan versnel.

So terwyl ons vanaand Nelson Mandelabaai vier, laat ons onself opnuut daartoe verbind.

- Laat ons vennootskappe pleks van silo's bou.
- Laat ons infrastruktuur bou pleks van verskonings aanbied.
- Laat ons besighede pleks van hindernisse bou.
- Laat ons vaardighede pleks van afhanklikheid bou.
- Laat ons gemeenskappe pleks van skeiding bou.
- En laat ons 'n stad bou waarin elke inwoner kan sê:
 - o Dit is my stad.
 - o Dit is my toekoms.
 - o En ek het 'n aandeel daarin om dit beter te maak.

Die stand van Nelson Mandelabaai is dus een van vordering onder druk, geleenthede te midde van uitdagings, en 'n stad wat weier om stil te staan.

Ons werk duur voort.

Ons verantwoordelikheid duur voort.

En ons vertroue in die toekoms van Nelson Mandelabaai moet voortduur.

Saam kan ons die Metro herstel en inklusiewe ekonomiese groei verseker.

Ek dank u.

**RAADSLID BABALWA LOBISHE
UITVOERENDE BURGEMEESTER**









COUNCIL EXECUTIVE LEADERSHIP



Cllr Eugene Johnson
Speaker of Council



Cllr Babalwa Lobishe
Executive Mayor



Cllr Gary van Niekerk
Deputy Executive Mayor



Cllr Wandisile Jikeka
Chief Whip of Council

MEMBERS OF THE MAYORAL COMMITTEE



Cllr Bassie Kamana
Economic Development,
Tourism & Agriculture



Cllr Sinebhongo Kwatsha
Sports, Recreation,
Arts & Culture



Cllr Buyelwa Mafaya
Infrastructure &
Engineering



Cllr Khanya Ngqisha
Budget & Treasury



Cllr Luyanda Lawu
Safety & Security



Cllr Lorna Makwetu
Corporate Services



Cllr Thembinkosi Mafana
Human Settlements



Cllr Thsonono Buyeye
Public Health



Cllr Yolisa Pali-Jongilanga
Roads & Transport



Cllr Ziyanda Mnqokoyi
Electricity & Energy

Thank you to all our residents, stakeholders who made the Nelson Mandela Bay tick.
You made the State of the Metro a reality. Together, we can!

—ONS WERK—
SIYASEBENZA
—WE ARE WORKING—

